

Voorbeeld van 'n eksamenvraestel

VRAESTEL 2: Begripstoets en taal

Afrikaans Huistaal Graad 9


Tyd: 2 uur

Totaal: 30 punte

Afdeling A: Begripstoets (10 punte)

Vraag 1

Spinner verloor kop



Normale web

Dagga

Bensedrien

Kafeïen

Chloraalhidraat

1. Dwelms is sleg vir jou – ook as jy 'n spinnekop is.
2. Eksperimente deur die Amerikaanse ruimte-owerheid NASA het bewys die agtpotiges verloor nes mense heeltemal kop as hulle dwelms inkry. Dan kan die spinnekoppe glad nie meer hul lewenstaak – om 'n spinnerak te spin – verrig nie.
3. Gee die gewone huisspinnekop 'n bietjie dagga in, en hy begin wel spin, maar is so "ontspanne" dat hy nie die takie voltooi nie.
4. Kry hulle die amfetamien bensedrien – die een wat die dwelmslawe *speed* noem – in, spring hulle met 'n vaart weg, maar hul beplanning is uiters swak. Die gevolg is 'n spinnerak vol groot gate.
5. Kafeïen is ook nie aan te beveel nie. Dit maak die spinnekop so senuweeagtig dat die struktuur wat hy dan saamflans, op die ou einde glad nie soos 'n spinnerak lyk nie.
6. Dit help ook nie om hulle 'n sterk kalmeermiddel soos chloraalhidraat in te gee nie. Want dan spin hulle net so 'n paar draadjies en val dan flou.
7. Wetenskaplikes van die Marshall-ruimtesentrum in Alabama ontwerp nou 'n rekenaarprogram wat op die spinnerakke gebaseer is. Daarmee sal hulle kan bepaal presies hoe gevaarlik 'n bepaalde dwelmmiddel of gifstof is deur bloot te kyk watter uitwerking dit op die spin van 'n spinnerak het.
8. 'n Woordvoerder sê hulle hoop dit sal in die toekoms moontlik wees om dan spinnekoppe pleks van diere soos konyne vir dié soort toetse te gebruik.

Uit *Huisgenoot*, 8 Junie 1995, bl. 118.

VRAE

1. Wat word deur die prente uitgebeeld? (1)
2. Wat wil die prente vir die leser sê? Verduidelik. (2)
3. Lees die eerste paragraaf deur. Volgens hierdie paragraaf is dwelms sleg vir mens en ... (voltooi). (1)
4. Wat is die funksie van die inlassin (wat tussen die twee aandagstrepe staan) in paragraaf 2? (1)
5. Waarom is die woord “*ontspanne*” in paragraaf 3 tussen aanhalingstekens geplaas? (1)
6. Waarom is die woord *speed* (paragraaf 4) skuins gedruk? (1)
7. Waarom sou die dwelmslawe die dwelm amfetamien bensidrien “speed” noem? Waaruit maak jy dié afleiding. (2)
8. Kafeïen word ook hier saam met ander dwelms bespreek. Waarom is dit vreemd? (1)
9. Gee 'n suiwer Afrikaanse woord vir *op die ou einde* (paragraaf 5). (1)
10. Om watter rede sou die wetenskaplikes spinnekoppe verkies bo konyne? (2)
11. Waarom kan die slotparagraaf as ironies beskou word? (2)
12. Watter soort teks is hierdie en in watter styl is dit geskryf? Kies een van die volgende: wetenskaplik informatief of humoristies verhalend. (1)

[16]

EN

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die gestelde vrae:

DROME
IS IN DIE *Besonderhede*

Singer

MUSIEK

Daar's 'n fyn lyn tussen 'n eenvoudige gedagte en 'n hele wêreld van kreatiewe verwondering - dit word die nuwe BIC® Cristal® Fine genoem. Dit is almal se gunsteling balpuntepen, nou met 'n 0.8mm fyn punt, laat jou besondere idee tot die fynste besonderheid leef.

- Maak 'n stelling met die nuwe ontwerp, koel voorkoms en ewe opgewekte helder oranje buis.
- 'n Hoë-presisie pen met top gehalte ink vir die gladde vloei en perfekte skryfvermoë elke keer.
- Elke pen skryf van 2.5 tot 3.5 kilometers
- As 'n PVC-vrye produk is dit ook omgewingsvriendelik!

Van huis tot skool tot kantoor, van 'n epiese ruimte avontuur tot net nog 'n dag op kantoor, laat BIC® Cristal® toe om jou die voorsprong te gee.

nuwe
BIC
Cristal® Fine
Ball Point Pen
0.8mm
PVC-vrye
Besikbaar by geselekteerde BIC handelaars

BIC

Uit *Huisgenoot*, 28 Julie 2011, bl. 133.

13. Waarmee hou die woorde *Drome is in die besonderhede* direk verband? (1)
14. Wat is die jongman besig om neer te skryf? (1)
15. Watter verband is daar tussen die produk en dit wat visueel uitgebeeld word? (1)
16. Watter beroep beoefen die jongman moontlik? (1)

[4]

Totaal: 20 punte
(deel deur 2 = uit 10)

Afdeling B: Opsomming (10 punte)

Vraag 2

Bestudeer die onderstaande teks en voer die instruksies uit.

Kry kleur in jou lewe

Kleur vang 'n voorkoms vas, skep atmosfeer en sê wie ons is. Dit kan selfs 'n rol speel in ons gesondheid. Die natuur gaan veral oor kleur – blou lug, geel son, groen gras en die bruin aarde, met 'n reënboog van kleure wat tussenin groei en rondbeweeg. Kleur het 'n aantrekkingskrag, ons skep met kleur en ons word beïnvloed deur kleur.

Anne Roselt, 'n paneellid van die Internasionale Kleuowerheid, sê jou huis is die resultaat van jou ervaring en wie jy is, daarom moet jy meer nadink oor hoe en waar jy kleur in jou huis gebruik.

Rooi gee jou 'n groter aptyt en kan jou selfs vinniger laat eet, daarom gebruik kitskosrestaurante dikwels rooi. Rooi is daarom 'n goeie kleur vir die kombuis en eetkamer. Dit is ook die kleur van aksie en aktiwiteit, wat dit geskik maak vir 'n gimnasium, maar moet liever in die slaapkamer vermy word.

Oranje stimuleer kreatiwiteit, gesprekke en jou eetlus en is 'n uitstekende keuse vir 'n restaurant, eetkamer of kombuis. Oranje aksente, soos oranje strooikussings, sal ook werk. Onthou, oranje kom in verskillende skakerings, van terracotta tot perskekleurig.

Geel stimuleer die brein en is die perfekte studiemaat, maar loop lig vir te veel geel elders, want dit kan rusies veroorsaak. Dit word nie vir babakamers aanbeveel nie, want dit kan 'n baba baie laat huil en oorstimuleer. Bly weg van sterk skakerings en gebruik eerder botterkleurige, sagte gele, sê Roselt.

Groen is die sagste kleur op die oog. Dit bied ook verligting vir stres, daarom word dit in hospitaalteaters gebruik. Dit kan oral in jou huis gebruik word, afhangende van die skakering daarvan.

Blou is 'n ontspannende, rustige kleur. Maar te veel blou kan neerdrakkend wees, daarom kan jy dit afwissel met warm kleure soos oranje kussings of 'n geel skakering. Roselt beveel ook persblou met rooi tinte aan, wat 'n warmer blou is. Gebruik blou in badkamers en slaapkamers wat rustige omgewings is.

Vermy spierwit en gebruik eerder wit met tinte kleur. As jy van die kalmte van 'n wit slaapkamer hou, bring altyd 'n teenvoeter vir die steriliteit in met spatsels kleur of selfs silwer, sê Roselt. Swart behoort net as 'n aksentpunt gebruik te word en moet van die mure af bly, want dit absorbeer lig.

Uit *dit*, Oktober 2004 bl. 46.

Instruksies

1. Lees die bostaande teks 'n paar keer aandagtig deur.
2. Som slegs die ses kleure op deur 'n volsin van ongeveer 12 woorde oor elk te skryf.
3. Voeg nou hierdie sinne saam om één paragraaf van 70 tot 80 woorde te vorm.
Onthou, hierdie paragraaf moet in volsinne geskryf word. Moenie in telegramstyl skryf nie. Jy mag dus nie die lidwoorde soos *die* en *'n* uitlaat nie.
4. Dui die aantal woorde wat jy gebruik het, aan.
5. Voorsien jou paragraaf van 'n eie oorspronklike titel.

Totaal: 10 punte
(deel deur 2 = uit 5)

Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (30 punte)

Vraag 3

Bestudeer die advertensie *Gesoek* en beantwoord die gestelde vrae.

GESOEK

1. 'n Spesiale taakmag wat uit uitsoeklede van die polisie se elite misdaadvoorkomingspan, die Jakkalse bestaan, fynkam die land vir enige inligting oor waar die berugte katdief, Katswink, homself bevind. Katswink word daarvan verdink dat hy die meesterbrein agter onlangse, landswye diefstalle is waar groot hoeveelhede nuwe Lucky Pet Supreme Kibbles gedurende die nag op geheimsinnige wyse van winkelrakke af verdwyn het.
2. "Ons het ons sekuriteitstelsels opgegradeer en die sekuriteitswagte op die perseel verdubbel," sê mnr. Bennie Hamman, supermarkbestuurder in Benoni, "en die volgende oggend toe ons die winkel oopmaak, toe's al die Lucky Pet Supreme Kibbles weg. Ja, man, soos mis voor die son, skoonveld!"
3. Die minister het 'n spesiale parlementêre byeenkoms oor die aangeleentheid aangespreek en die regering verseker dat die Jakkalse alles in hul vermoë doen om die glibberige Katswink op te spoor. Met betrekking tot die vraag of speurders enigsins nader is aan 'n oplossing, wou hy nie kommentaar lewer nie, maar het die publiek aangespoor om te help met inligting wat die krisis tot 'n spoedige einde kan bring.
4. Enigiemand met inligting aangaande Katswink en waar hy homself mag bevind, skakel asseblief kattedwaad misdaadlyn op 0860 102500.
5. **Lucky Pet Supreme Kibbles.**
6. *Eerlikwaar gesond. Gewetenloos lekker.* Besoek www.feliny.co.za en pak die uitdaging aan.
7. Geen diere is gedurende die maak van hierdie advertensie leed aangedoen nie.
8. V2143 & N-FF 2254, V21438 & N-FF 2253
9. **WAARSKUWING:** Moenie Katswink self probeer voorkeer nie. Hy het kloue en is gevaarlik.

Uit *Sarie*, Julie 2010, bl. 139.



**KEN JY HIERDIE
BERUGTE KATDIEF?**

VRAE

1. Wat word deur die prentjie uitgebeeld? (1)
2. 'n Sekere soort kat is vir hierdie foto gebruik. Hoekom is juis hierdie soort kat gebruik? (1)
3. Wat beteken die woord *berug* in die subopskrif? (1)

4. Die woorde *wat uit lede van* kom paragraaf 1 voor. Die vetgedrukte woorde is voorsetsels. Voltooi die volgende voorsetsels:
 - 4.1 Die kat is ... verdenking. (1)
 - 4.2 Hy is gesteld ... sy voorkoms. (1)
5. Die woord *bevind* kom in paragraaf 1 voor. Kies die regte woord wat van die woord *bevind* deur middel van klinkerwisseling afgelei is: Die kat het die (vonds / fonds) in die supermark ontdek. (1)
6. Die woord *verdink* kom in paragraaf 1 voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin: Die kat was die (verdink) in die saak. (1)
7. Haal 'n woord uit die eerste paragraaf aan wat dieselfde beteken as *deeglik soek*. (1)
8. Die volgende sin wat uit paragraaf 2 geneem is, is die direkte woorde van die supermarkbestuurder: "Ons het ons sekuriteitstelsels opgegradeer en die sekuriteitswagte op die perseel verdubbel," sê mnr. Bennie Hamman Skryf hierdie woorde in die indirekte rede. Begin jou sin só: Mnr Bennie Hamman het gesê ... (2)
9. Bestudeer die volgende twee sinne: Die kat se naam is Katswink. Hy het hom katswink geslaan.
 - 9.1 Watter woordsoort is *Katswink* as dit die kat se naam is? (1)
 - 9.2 Watter woordsoort is *katswink* as dit aandui hoe hy hom geslaan het? (1)
10. Gee 'n sinoniem (woord wat min of meer dieselfde beteken) vir *skoonveld* (paragraaf 2). (1)
11. Skryf die meervoud van die woord *vermoë* (paragraaf 3) neer. (1)
12. Skryf 'n infinitief uit die eerste sin van paragraaf 3 neer. (1)
13. Die woord *nader* (paragraaf 3) is die vergrotende trap. Skryf die stellende trap van hierdie woord in die volgende sin neer: Die kat was (nader) die supermark. (1)
14. Skryf die verkleining van die woord *oplossing* (paragraaf 3) neer in die volgende sin: Dit was 'n maklike (oplossing) en het sommer voor hulle neuse gelê. (1)
15. Die woord *kommentaar* kom in paragraaf 3 voor. Vorm 'n persoonsnaam van dié woord in die volgende sin: Die (kommentaar) het in fyn besonderhede vertel wat gebeur het. (1)
16. *Die minister het 'n spesiale parlementêre byeenkoms oor die aangeleentheid aangespreek* (paragraaf 3).
 - 16.1 Skryf hierdie sin oor in die lydende vorm. Begin jou sin so: 'n Spesiale parlementêre... (1)
 - 16.2 Die woord *parlementêre* word met 'n kappie gespel om die klank lank te maak. Skryf die volgende woorde oor en plaas kappies op waar nodig: elementere, brue, vlermuis. (3)
17. Bestudeer paragraaf 4 noukeurig. Skryf die rede vir die gebruik van die komma tussen die woorde *bevind, skakel* neer. (1)
18. Die waarskuwing lui: *Hy het kloue en is gevaarlik*. Is hierdie 'n enkelvoudige of veelvoudige sin? Motiveer. (2)

Vraag 4



Uit *Beeld Leefstyl*, 12 Oktober 2011, bl. 10.

VRAE

19. Die woord *fiets* kom in die strokie voor. Gebruik die homofoon van hierdie woord in 'n kort sin. (1)
20. *Wil jy saam met my kom fietsry?* Is hierdie 'n spesifieke of algemene vraagsin? Motiveer jou antwoord. (2)
21. Wat wil Jeremy te kenne gee as hy sê: *Waarheen ... Venus?* Verduidelik. (2)

[5]

Totaal: 30 punte

(deel deur 2 = uit 15)

Groototaal: 30 punte

VRAESTEL 3: Opstel en transaksionele teks

Afrikaans Huistaal Graad 9

Tyd: 1 uur

Totaal: 30 punte

Afdeling A: Formele brief (10 punte)

Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 'n brief aan die pers daaroor.

Gebruik die volgende adres:

Die Redakteur
Die Hooglander
Posbus 1388
Ellisras 0555

Onderwerpe

1. Vroumense en oumense hoort nie op die pad nie. Hulle is net 'n frustrasie vir ander padverbruikers. Wat is jou mening hieroor?
2. Advertensies is deesdae só misleidend dat 'n mens nie 'n woord kan glo wat hulle belowe nie. Advertensies vertel nie die volle waarheid nie, hulle hou die waarheid maar baie skuins. Wat dink jy van advertensies? Lug jou mening hieroor.
3. Skryf 'n brief aan die plaaslike koerant waarin jy jou heftig uitspreek teen onwettige rommelstorting. Maak voorstelle oor hoe morsjorse gestraf kan word.
4. Diere lei 'n hondelewe met die geknal van klappers. Skryf 'n brief aan die pers waarin jy jou mening lug oor die uitwerking van vuurwerke op diere.
5. Selfone kan 'n groot bate wees, maar ook 'n ergenis, veral op die pad en kan lei tot ernstige motorongelukke. Skryf 'n brief aan die pers waarin jy jou kommer uitspreek oor die talle mense wat jy sien praat en bestuur.

Onthou om jou brief in die regte formaat te skryf. Hierdie opdrag moet in 160 tot 180 woorde (adresse, aanhef en slot uitgesluit) afgehandel word.

Totaal: 10 punte

Afdeling B: Beskrywende of verhalende opstel (20 punte)

Kies een van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n opstel van 250 tot 300 woorde daaroor. Hierdie opdrag tel 20 punte.

Onthou om prosesskryf toe te pas: beplan, skryf konsep, redigeer en proeflees, herskryf en bied aan.

Skryf die onderwerp wat jy gekies het, duidelik bo aan jou skryfstuk.

Onderwerpe

1. Die lewe het sy verdriet, maar tog ook vreugdes. En die vreugdes duik op in die kleinste dingetjies om jou. Skryf 'n skryfstuk waarin jy vertel wat jou gelukkig maak.
2. 'n Mens verwerk die stampe en stote wat die lewe uitdeel. Maar soms is daar 'n seerkry wat jou 'n tyd lank bybly. Vertel van hierdie groot teleurstelling.
3. Skryf 'n verhaal waarvan die slot só eindig: Die trane, bloed, spoeg en sweet het geloop...
4. Om die ritteltits te kry, beteken om rillings, 'n siddering, histerie of bewerasie van aandoening te kry. Almal kry die een of ander tyd die ritteltits, of dit nou vir spinnekoppe, slange of selfs mense is. Vertel in 'n skryfstuk wat j^ó die ritteltits gee.
5. 'n Mens sonder drome dobber doelloos op die stroom van die lewe. Skryf 'n skryfstuk oor 'n droom wat werklikheid geword het.
6. In die middel van die nag skrik ek wakker – wawyd wakker. Is ek wakker of is ek nog in droomland? Want om my gebeur die vreemdste dinge ...
7. Die uil roep geheimsinnig in die donker. Die boom se stam voel skurf teen jou rug. Jy wonder hoe op aarde jy hierin beland het. Maar omdraai en uitkomstans is daar nie. Jy hoor 'n gekreun. Uit watter rigting kom dié geluid? Skryf 'n spanningsverhaal wat die leser se hare sal laat regop staan.
8. Elkeen van ons het 'n verslawing wat ons vir die wêreld wegsteek. Niemand mag weet dat jy nie sonder koffie of flied of stories of sport kan klaarkom nie. Waaraan is jy verslaaf? Vertel van hierdie lekkerte in jou lewe.

9. Soms gebeur snaakse dinge met 'n mens. Vertel van dié keer toe jy saam met vreemde mense in 'n hysbak vasgekeer was ...
10. 'n Vriend is 'n vriend. En familie is familie. Maar 'n pêl is die kosbaarste ding op aarde. Dit is iemand wat jy met jou lewe en jou hart en jou meisie sal vertrou. Skryf 'n opstel waarin jy van 'n spesiale vriend vertel.

Totaal: 20 punte
Groottotaal: 30 punte

VRAESTEL 4: Respons op letterkunde

Afrikaans Huistaal Graad 9

Tyd: 1 uur 30 minute

Totaal: 80 punte

Afdeling A: Kortverhaal (20 punte)

Vraag 1

Lees die volgende fragment aandagtig deur en beantwoord die gestelde vraag.

Die lettergreep van verlange

Lydia du Plessis

1. Ben se kat is verlede jaar dood. Ek weet nie wat ek sal doen as Paprika iets moet oorkom nie.
2. Hartseer, het ek vir Ben geskryf toe hy my daarvan vertel. *Verdriet. Sorg. Sorrow.*
3. Sondagoggend breek vroeg en weerloos in die skadu van die Groot Drakensteinberge aan.
4. Ma gaan my vir die dag by Pa in Simonstad aflaai.
5. Op pad soontoe stop sy eers by die kafee om neutte vir padkos te koop. Die karwag praat met 'n vreemde aksent. Ek vra waar hy vandaan kom. Brazzaville, Kongo, antwoord hy.
6. Brazzaville, Kongo. Twee woorde waarin 'n man tussen die "a" en die "z" in 'n besige straat kan staan. Waar 'n vrou langs die "e" kan lag en 'n ma 'n bord kos oor die "o" kan nader skuif. Twee woorde word 'n huis waarin 'n man in 'n vreemde land kan droom. Die karwag se verlange het vyf lettergrepe. In die kar droom ek van 'n nuwe taal wat almal kan verstaan.
7. Op die snelweg kan ek die hoenderplase ruik voor ek hulle sien. Dit ruik na ellende en waansinnige lyding. "Slag, slachten, slakte, slaughter," sê ek saggies op. "Medelye, medelijden, skânsel, mercy."
8. Pa en die flerrie vat my na 'n nuwe peperduur restaurant toe. Ek hou eintlik van die flerrie. Haar naam is Talia. Sy dra lang rokke en juwele wat sy by speelgoedwinkels koop. Daar is net dooie goed op die spyskaart. Ek eet tjips en groenslaai en sê omtrent nie 'n woord tydens ete nie.

Uit *Skreeu en ander verhale*, saamgestel deur Marieta Nel en Adinda Vermaak.

VRAAG

Lees hierdie fragment 'n paar keer aandagtig deur. In hierdie fragment kom daar heelwat botsings na vore. Skryf 'n paragraaf van 150 tot 200 woorde waarin jy vertel van die botsings wat die hoofkarakter hier ervaar. [10]

Vraag 2

Lees die volgende fragment en beantwoord die gestelde vrae:

My broer se kraai

Chris Barnard

1. Dit was 'n Sondagmiddag toe my broer met my kom praat.
2. “Ek dink ek moet my kraai maar los,” het hy gesê.
3. Ek het hom nie probeer aanmoedig nie. Een verkeerde woord, het ek geweet en hy verander dalk van voorneme.
4. Maar hy het aangedring op my opinie.
5. Toe dink ek vinnig en ek sê: “Dis jou kraai en jý moet besluit, maar ek dink as die kraai kon besluit, sou hy homself losgelaat het.”
6. “Dis die probleem,” het my broer gesê. “Juis dit hinder my meer as iets anders. Ek is lief vir die kraai en ek versorg hom goed. Maar dit voel nie vir my of hy myne is nie. Ek wil hê dit moet my kraai wees. En solank hy wil weg, is hy nie regtig myne nie.”
7. “Kry vir jou 'n papegaai of iets wat by jou wil bly, dan sal jy beter voel. Jý sal gelukkig wees en die papegaai ook.”
8. “Almal het papegaai,” het hy gesê. “En buitendien: 'n papegaai bly ook maar net by jou omdat hy nie van beter weet nie. Ek wil iets hê wat beter weet as om by my te bly – en nógtans by my bly.”
9. “Daardie iets,” het ek gesê, “is nie die kraai nie.”
10. Hy het opgestaan en geloop, my broer. En ek het hom deur 'n venster gaan dophou en gesien hoe hy die kraai se hok oopmaak en hom uithaal. Die kraai het gespook en my broer gepik en toe my broer hom los, het hy verskrik weggefladder, half grond toe geval en op 'n tak daar naby gaan sit. Hy was uit-aseem, maar hy het my broer wantrouig dopgehou. Na 'n lang ruk het die kraai lomperig opgevlieg en sukkel-sukkel tussen die bome verdwyn.
11. Ons het hom hoor lag met die wegraak.
12. Die hok het opgestaan. Daar het nog van die kraai se vere rondgelê en daar was 'n paar droë spatsels teen die dak. Die stukkie brood in die hok het later verdroog en die drinkbakkie se water het verdamp.
13. My broer het nie weer by die hok gekom nie. Niemand het weer oor die kraai gepraat nie. Dié episode was afgesluit. En tog ook nie afgesluit nie: want die kraai se afwesigheid was aan elke eettafel teenwoordig, in elke gesprek, in elke stilte. Die kraai het deur sy afwesigheid skielik ongekende proporsies aangeneem.
14. Maar drie dae later, die oggend, het ek ná dagbreek wakker geword en in die bed gelê en luister hoe dit bietjie vir bietjie op die werf Woensdag word. Simon het met die voetpad aangesing gekom, toe was daar melkimmers, toe het die hoenders uit die mangobome afgefladder en kloekend weggestap. En die kombuisdeur het geklap. Simon het vuurgemaak – ek kon die stoofyster hoor klink.
15. Toe lag daar iemand luidrugtig op die werf.

16. Die eerste oomblik het ek gedink dis Simon wat vir Vossie koggel, want Vossie die hings het elke oggend oor die onderdeur kom brood bedel. Maar toe word daar weer gelag en die lag word 'n huil en toe weet ek dis die kraai.
17. Ek en by broer was gelyk in die kombuis en gelyk in die agterplaas. Die kraai het kordaat in sy hok gesit – en weer gelag toe hy my broer sien. Maar dit was eers toe ek daardie stywe stappie van hom sien dat ek seker geweet het dis dieselfde kraai.
18. My broer het net daar gestaan, somer net.
19. “Gaan haal vir hom vleis,” het ek gesê, maar hy het net daar bly staan. Dit het nie vir my gelyk hy glo wat hy sien nie.
20. Ek het vleis en brood gaan haal en dit vir my broer gegee en hy het die kos in die kraai se hok gaan gooi. Die kraai het met sy vlerke geklap en gulsig geëet.
21. My broer het nie die hekkie toegemaak nie. “Dis beter oop,” het hy gesê.
22. En ek sê toe: “Ja, oop is dit beter.”
23. Die kraai het nie weer weggegaan nie. Bedags ja. Bedags was hy meestal in die bos. Maar saans het hy teruggekom en in sy hok ingestap en bewaar my broer se siel as daar nie vars water en brood en vleis is nie. Hy sou blaas en lag en huil en met sy vlerke teen die draad klap.
24. Want van daardie Woensdag af was die kraai my broer s'n.

Uit *Wedloop*, saamgestel deur H Askes en JN Landman. 221

VRAE

1. Die titel is *My broer se kraai*.
 - 1.1 Die woorde *my broer* word baie deur die verhaal herhaal. Wat word daardeur bewerkstellig? (1)
 - 1.2 Waarom word die broer se naam nie genoem nie? Watter funksie vervul dit? (2)
2. Verduidelik hoe die titel verband met die slotparagraaf van die verhaal hou. (2)
3. Waarom het die verteller sy woorde versigtig gekies toe sy broer by hom kom raad vra het (paragraaf 3)? (2)
4. Skryf die lewenswaarheid wat in hierdie verhaal na vore kom soos dit in paragraaf 6 staan, neer. (2)
5. Watter voorstel maak die verteller aan sy broer en waarom was hierdie voorstel nie aanvaarbaar vir sy broer nie (paragraaf 7)? (2)
6. Bestudeer paragraaf 11, 15, 16 en 17. Watter enkele woord staan hier sentraal? Watter suggestie lê daar in hierdie woord opgesluit? (2)
7. Watter handeling van sy broer dui sy verbasing in paragraaf 18 en 19 aan? (1)
8. Bestudeer paragraaf 21 en 22 noukeurig. Skryf een woord neer wat die waarheid van hierdie twee paragrawe saamvat. (1)
9. Was die kraai bedags en saans by hulle op die werf? Motiveer. (2)
10. Toe die kraai weer terugkom, het sy broer die hok toegemaak? Tot watter besef kom hy? (1)
11. Skryf die tema (lewensles) van hierdie kortverhaal neer. (2)

[20]

(deel deur 2 = uit 10)

Totaal: 20 punte

Afdeling B: Poësie (20 punte)

Vraag 3

Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord die gestelde vrae.

'n Klein beriggie

Vincent Oliphant

1. op 'n dag het hy sy werk verloor
2. en toe jy weer hoor
3. kom vat hulle sy motors meubels huis
4. hulle het alles kom eis
5. ook sy laaste bietjie hoop
6. maar hy't sy skoene deurgeloop
7. en hom teen mismoed verset
8. hy wéét mos wat hy in hom het
9. toe kom die laaste strooi
10. hy kry haar in 'n ander man se kooi
11. nou wil ek sy verhaal voltooi
12. anders bly 'n storie van ons tyd verbloem
13. agter dit wat 'n klein beriggie noem
14. dat hy dood gekry is in sy eie bloed
15. geen misdaad word vermoed

Uit *Woordreise*, saamgestel deur Adinda Vermaak. 222

VRAE

1. Watter middele word aangewend om die nietigheid van die berig in die titel te beklemtoon? Noem twee. (2)
2. Wie is die *hulle* van wie daar in reël 3 sprake is? (1)
3. Hoe het die man aanvanklik gereageer op die feit dat hy al sy aardse besittings verloor het? (1)
4. Wat word deur die teenstellende voegwoord *maar* in reël 6 bewerkstellig? (1)
5. Bestudeer die woord *mismoed* in reël 7.
 - 5.1 Van watter woord is hierdie 'n verkorting? (1)
 - 5.2 Waarom word die woord *mismoed* eerder gebruik? (1)
6. Skryf reël 8 in jou eie woorde. (1)
7. Wat beteken die spreekwoord *die laaste strooi* (breek die kameel se rug) in reël 9? (1)
8. Bestudeer die derde strofe (reël 9 en 10) noukeurig.
 - 8.1 Watter rympatroon kry ons hier en waarop dui dit? (2)
 - 8.2 Hoe sluit die strofebou hierby aan? (1)
9. Wat wil strofe 4 (reëls 11 tot 13) eintlik van die beriggie sê? (1)

10. Wat beteken dit as daar in 'n berig staan *geen misdaad word vermoed* (reël 15) en waarom word hierdie woorde gewoonlik gebruik? (2)
11. Bestudeer die rym in hierdie gedig.
- 11.1 Watter funksie verrig die rym in reël 5 en 6? (1)
- 11.2 Die rympatroon in reël 9, 10 en 11 verskil van die res van die gedig. Watter besondere funksie verrig die rym hier? Verduidelik volledig. (2)
12. Verwoord die tema van die gedig. (2)

Totaal: 20 punte

Afdeling C: Drama (20 punte)

Vraag 4

Selfmoord

Karakterlys:

MEISIE: 'n Tienermeisie wat baie geheg aan haar broer is.

SEUN: Broer van die meisie, 'n jaar of wat ouer as sy.

PA: 'n Middeljarige man. Kom moedeloos voor.

Lig op verhoog. In die middel van die verhoog is 'n tafel waarop twee glase en 'n bottel met pienk vloeistof staan. Verhoog links, 'n entjie voor die tafel, twee stoele, naby aan mekaar. 'n Seun gooi van die vloeistof in albei glase. 'n Meisie sit 'n brief op die tafel neer. Elke keer wanneer die seun 'n verskoning aanbied, beweeg hy weg van sy suster af. Sy volg hom. So beweeg hulle dan in 'n sirkel maar kom elke keer terug by die gif op die tafel.

1. SEUN: As ons hierdie miergif drink, sal ons nie weer terugkom nie, Sus.
2. MEISIE: Ons wil nie weer terugkom nie. Na wat moet ons terugkom? 'n Honger huis? Leeg, eensaam, sonder geluk.
3. SEUN: (*Loop weg terwyl hy praat.*) Miskien kry Pa die werk!
4. MEISIE: Miskien? (*Sy volg.*) Nee, my liewe Boetie. In die wêreld waarin ons lewe, is daar nie 'n miskien nie. Die dag toe Pa afgedank is, het miskien opgehou bestaan.
5. SEUN: (*Loop tot by stoele terwyl hy praat.*) Maar wat word van Pa en Ma as ons gaan?
6. MEISIE: Dit sal baie beter vir hulle wees sonder ons. (*Volg hom*) Ons is soos Hansie en Grietjie. Elke krummel in die huis is op. Dis beter dat ons gaan.
7. SEUN: Miskien is jy reg. (*Sit.*) Die honger sal nog lank aanhou, en vir ons is daar nie 'n skat in die heks se huis nie. Sus, ek kan net nie my meneer in die oë kyk en vir hom sê: "Meneer... Meneer, ek kan nie meer rugby speel nie. Meneer, ek kan nie op die toer gaan nie, want ons het nie geld nie. Meneer sien, ons het alles verloor, Meneer. My pa werk nie, en hulle het alles kom vat, Meneer!" Sus, ek kán nie.
8. MEISIE: Ek kan nie meer ballet toe gaan nie. (*Sy sit*) Nie meer musiek neem nie, nie meer my vriende in die oë kyk nie ... Boetie, sal dit nie help as Pa die ou man gaan smee nie?

9. SEUN: Pa hét, Sus, hy hét. (*Maak asof hy pa is.*) Ag, Meneer, kan ek nie maar aanbly nie? (*Smeek*) Werk is só skaars!
10. MEISIE: (*Maak asof sy die baas is.*) Nee, Meneer. Ek is jammer, ons besluit is finaal! Die ekonomie is só swak, ons kan net nie bekostig om jou langer in diens te hou nie.
11. SEUN: Maar, Meneer, ek is bereid om vir minder te werk. Hoe gaan ek vir my vrou en kinders sorg?
12. MEISIE: Meneer, moet asseblief nie smee nie. Ons het jou goed behandel, en ek wil hê dat jy ons nou met grasia moet verlaat!
13. SEUN: (*Spring op en loop na die tafel.*) Ek háát hom. Ek haat hulle álmal! Maar hy sal nog jammer wees. Hy sal soos die ou heks lewend in die oond gegooi word.
14. MEISIE: Wat bly daar vir ons oor? (*Volg hom.*) As dit nou al so gaan, wat gaan eendag van ons word? Daar is geen toekoms nie.
15. SEUN: Ek het gisteraand gehoor Pa sê vir Ma dat ons twee maar vir eers by die familie moet gaan bly. (*Loop weg terwyl hy praat.*)
16. MEISIE: Ek sien nie kans daarvoor nie. (*Volg hom.*) Boetie, ek is bang. Báng vir môre en oormôre. (*Klou aan sy arm.*) Bang vir wat al my maats gaan sê as hulle uitvind dat ons nie meer kos in die huis het nie.
17. SEUN: (*Loop weer weg terwyl hy praat.*) As hulle uitvind dat Ma en Pa nie meer na ons kan kyk nie. Dat ons nie meer 'n huis het nie! (*Hy loop tot by die stoele. Sy suster hou nog steeds sy arm vas.*)
18. MEISIE: Kom ons drink die gif! (*Hardloop na die tafel.*)
19. SEUN: (*Volg haar haastig.*) Nee, wag. Ons kyk eers of Pa die werk gekry het.
20. MEISIE: As Pa inkom by die hekkie en sy skouers hang, dan weet ons hy het nie die werk gekry nie.
21. SEUN: Ja, dán drink ons dit.
22. MEISIE: En verlos onself van alles.
23. SEUN: Ons sal nie môre hoef op te staan en te wonder oor wat van ons gaan word nie of wat ons gaan doen of sê nie.
24. MEISIE: Ons sal nie meer 'n las op Pa en Ma wees nie.
25. SEUN: Dit sal gou gaan. Die gif is baie sterk ... Sus, wat het jy in die brief geskryf?
26. MEISIE: (*Lees.*) Liewe Pa en Ma. Ons is lief vir julle. Ons wil nie sien hoe julle swaarkry nie, en daarom gaan ons julle verlaat. Ons het bang geword vir die lewe. Wys die brief vir Pa se baas. Ons wil hê dit moet sy oond wees wat hom sal laat braai. Liefde, julle kinders. (*Voetstappe word gehoor. Kyk by 'n denkbeeldige venster uit.*) Hier kom Pa!
27. SEUN: (*Kyk ook.*) Ja ... en dit lyk of sy skouers hang.
28. MEISIE: Ja, sy skouers hang ...

Hulle drink die gif. 'n Stem word gehoor: "Sjoe, ek is nou moeg geloop. Waar is julle? Ek het die werk gekry!" Ligte doof.

VRAE

1. Lees die inleiding (toneelaanwysings) aan die begin van hierdie drama met aandag.
 - 1.1 Op watter wyse word die toeskouers se aandag reg van die begin af op die pienk vloeistof gevestig? (1)
 - 1.2 Waarom word die aandag hierop gevestig? (1)
 - 1.3 Wat word bybehore soos die glase en bottel in 'n toneelstuk genoem? (1)
2. Watter uitwerking het die seun se woorde in spreekbeurt 1? (1)
3. In die toneel word verwys na die sprokie van Hansie en Grietjie. Watter verskil is daar tussen die sprokie en die drama? (1)
4. Bestudeer spreekbeurt 9 tot 12. Hier kry ons 'n toneelspel binne 'n toneel. Verduidelik. (2)
5. Hoe word die seun se ontsteltenis in spreekbeurt 13 uitgehef? Noem twee sake. (2)
6. Die toneelaanwysings word tussen hakies gegee. Bestudeer die toneelaanwysings in spreekbeurt 4, 14, en 16. Watter suggestie is daaraan verbonde dat sy hom volg? (2)
7. Waarom is die slot ironies? (1)
8. Bestudeer spreekbeurt 27 noukeurig.
 - 8.1 Hoe word die ellips in 'n drama uitgebeeld? (1)
 - 8.2 Wat word hierdeur bereik? (1)
9. Die pa se houding aan die einde is misleidend. Verduidelik. (2)
10. Hierdie is 'n drama in die klein. Waar bereik hierdie drama 'n hoogtepunt? (2)
11. Noem twee lewenswaarhede wat uit hierdie drama spruit. (2)

Totaal: 20 punte

Afdeling D: Roman

Die vraestel sal ook 'n vraag bevat oor die roman wat julle hierdie jaar bestudeer het. Hierdie vraag tel 20 punte.

Groottotaal: 80 punte

(verwerk na 'n punt uit 10)